higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5050104)

13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ... het Erikson se Teorie van Psigo-emosionele Ontwikkeling beïnvloed.

A Vygotsky
B Freud
C Bowlby
D Kipling

1.1.2 Die gedragsreëls wat mense met 'n gesamentlike stel waardes deel:

A Gedrag
B Netwerk
C Norme
D Prestasie

1.1.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 dwing die reg op die volgende wetlik af:

A Volwasse Basiese en Gevorderde Onderwys alleenlik
B Sekondêre onderwys vir almal
C Aparte onderwys vir almal
D Onderwys sonder diskriminasie

1.1.4 Die doel van Witskrif 5 is om te verseker dat leerders … burgers van Suid-Afrika word.

A gewilde, slim en waagmoedige
B kritiese, kreatiewe en geletterde
C ontmoedigde, ernstige en swaarmoedige
D tegemoetkomende, geassimileerde en onverantwoordelike

1.1.5 Volgens Bowlby ... babas kom as selfversekerd en onafhanklik voor, want hulle huil nie oor hul versorgers nie.

A ontwykende
B seker
C angstige
D ambivalente

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Ouers en opvoeders behoort die volgende in gedagte te hou wanneer hulle kinders aanmoedig om kritiese denkers te word:

A Leer kinders om te lees voor die ouderdom van vyf.
B Vra kinders geslote vrae en vrae met kort antwoorde.
C Gebruik verskillende vraagvaardighede en -tegnieke in 'n gesprek.
D Moedig kinders aan om inligting deur papegaaiwerk te onthou.

1.1.7 'n Voorbeeld van 'n geslote vraag:

A Waarom hou jy so baie van sokker?
B Van watter vak hou jy die meeste op skool en hoekom?
C Hoe oud is jy?
D Wat is jou mening oor onderwysers by julle skool?

1.1.8 … is die vermoë om akkurate menings te lug.

A Twyfeling
B Oordrywing
C Argumentering
D Beredenering

1.1.9 … gebruik die VYF W- en een H-metode om alles uit te vind om 'n koerantberig te skryf.

A Rekenmeesters
B Dokters
C Joernaliste
D Prokureurs

1.1.10 Die Brasiliaanse teoretikus wat die 'Vier Oop Vrae' ontwikkel het.

A Gilligan
B Kohlberg
C Freire
D Vygotsky

(10 × 1) (10)

1.2 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of 'n term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

kritiese bewustheid; vordering; kritiek; eksterne omgewing; argument; kritieke kruisvelduitkomste; inklusiewe; neuron; interne; beredenering; teenargument; vooroordeel; netwerk; inleiding; klassieke kruisvelduitkomste

1.2.1 Meals-on-Wheels is 'n voorbeeld van 'n gemeenskaps- …

1.2.2 Een van die doeleindes van assessering is om die … van die leerders te monitor.

1.2.3 Witskrif 6 konsentreer op … onderwys en opleiding.

1.2.4 KKVU ('CCFO') is die afkorting vir …

1.2.5 'n Senuweesel/breinsel staan ook bekend as 'n …

1.2.6 Elemente wat 'n sakeonderneming nie kan beheer nie, soos mededingers of 'n verandering in die ekonomie van die land waar die onderneming se hoofkantoor is.

1.2.7 Die struktuur van 'n redenasie begin altyd met 'n … om die gehoor in te lig waaroor die redenasie gaan.

1.2.8 … beteken om redes vir jou standpunt te gee, om 'n teenoorgestelde standpunt te verstaan, en jou luisteraars te oortuig dat jou standpunt reg is.

1.2.9 In 'n SWOT-ontleding/SSGB-ontleding is die sterk punte en swakhede deel van die … omgewing.

1.2.10 'n Manier om krities, versigtig en diep oor opvoeding en die lewe te dink.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Om aan ander raad, idees of nuwe maniere te gee om 'n aktiwiteit te doen, of om voort te bou op wat hulle geleer het, is bekend as (voorstel/ondervraging).

1.3.2 Om 'n les wat in die klas onderrig word werklik te leer en verstaan, moet 'n student die kennis kan (toepas/ontleed).

1.3.3 Die vermoë om abstrak te dink, is bekend as (intelligensie/geheue).

Kopiereg voorbehou

1.3.4 Die verhouding tussen 'n kind se chronologiese ouderdom en sy/haar verstandsouderdom is bekend as sy/haar (IK/EK).

1.3.5 Die reuksintuig is ook bekend as die (reukorgaan/ruikery).

(5 × 1) (5)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Gekristalliseerde intelligensie beweeg, verander en vloei.

1.4.2 Freire het die Teorie van Meervoudige Intelligensie ontwikkel.

1.4.3 Vloeibare intelligensie sluit vermoëns soos redenering, begrip, probleemoplossing en geheue in.

1.4.4 Coleman definieer sosiale intelligensie as om slim oor verhoudings te wees.

1.4.5 Gilligan se drie stadiums van morele ontwikkeling is nie ouderdomspesifiek nie.

1.4.6 'n Baba se gesuig kan as fyn motoriese vaardighede gedefinieer word.

1.4.7 Troeteling is 'n eienskap wat kinders van hul ouers erf.

1.4.8 Alle mense ontwikkel teen dieselfde tempo.

1.4.9 Plasebopille het geen werklike uitwerking nie.

1.4.10 Taal speel 'n belangrike rol in Vygotsky se teorie.

1.4.11 Intelligensie is die vermoë om te redeneer, oordeel en verstaan.

1.4.12 Fowler het die Emosionele Bevoegdheidsraamwerk ontwikkel.

1.4.13 Kinders met leergestremdhede het dikwels hoër EK's (emosionele kwosiënte) as hul maats.

1.4.14 Zohar se Spirituele Kwosiëntassessering maak geen verwysing na godsdiensoortuigings nie.

1.4.15 Howard Gardner se interpersoonlike intelligensie hou baie nou verband met emosionele intelligensie.

(15 × 1) (15)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Volgens Piaget, gaan kinders deur vier identifiseerbare, bepaalde stadiums van ontwikkeling. Vordering deur hierdie stadiums hang af van die kind se interaksie met voorwerpe in sy/haar omgewing.

2.1 2.1.1 Noem Piaget se se VIER stadiums van kognitiewe ontwikkeling. (4)

2.1.2 Beskryf EEN aktiwiteit vir elk van hierdie stadiums onderskeidelik. (4 × 2) (8)

2.2 Bespreek kortliks TWEE verskille tussen Piaget se *Teorie van Kognitiewe Ontwikkeling* en Vygotsky se *Proksimale Ontwikkelingsone*. (2 × 2) (4)

2.3 Volgens Witskrif 6 behoort kinders met diverse leerbehoeftes in dieselfde klaskamer geplaas te word. In skole sal 'n hoë emosionele kwosiënt (EK) ons in staat stel om nie teen ander leerders met spesiale behoeftes te diskrimineer nie. 'n Opvoeder wat 'n hoë EK het, kan leerders met spesiale behoeftes help deur hulle aan te moedig om hul sterk punte en swakhede te aanvaar.

Noem VYF maniere waarop leerders met spesiale behoeftes by insluiting en aanmoediging kan baat. (5)

2.4 Noem VYF sfere van EK soos geïdentifiseer deur Daniel Goleman. (5)

2.5 Daniel Goleman het 'n boek geskryf met die titel 'Emotional Intelligence. Why it matters more than IQ' ('Emosionele Intelligensie. Waarom dit meer saak maak as IK').

2.5.1 Stem jy saam dat EK/EI belangriker as IK is? (1)

2.5.2 Staaf jou antwoord op VRAAG 2.5.1. (2)

Kopiereg voorbehou

2.6 Die taal wat 'n mens in 'n redenasie gebruik, kan help om jou gehoor van jou standpunt te oortuig.

Bestudeer die lys van oortuigingstaal hier onder en beantwoord die vrae.

- Stap kinders wat in plakkershutte in die Bridgefield Township woon kaalvoet skool toe?
- Hoe is te veel sjokolade goed vir 'n kind se gedrag?
- Amy het haar amper doodgeëet!
- Mynwerkers werk in verskriklike toestande, maar hulle is desperaat om selfs 'n baie swak salaris te verdien om na hul gesinne om te sien.
- Hoe sal kinders gesonde kos eet as hul ouers ongesonde kos eet?
- Chloe het Tim 'n miljoen keer probeer bel.
- Wie is die skrywer van hierdie gedig?
- Sanele se toespraak was so vervelig, ek kon nie wag dat dit klaarmaak nie.
- Kinders wat albei hul ouers in die vigs-pandemie verloor het, moet alleen klaarkom in hierdie onregverdige wêreld.

2.6.1 Verduidelik die term *oordrywing.* (2)

2.6.2 Gee EEN voorbeeld van oordrywing uit die lys hier bo. (1)

2.6.3 Verduidelik wat 'n *retoriese vraag* is. (2)

2.6.4 Gee EEN voorbeeld van 'n retoriese vraag uit die lys hier bo. (1)

2.6.5 Verduidelik *emotiewe taal*. (2)

2.6.6 Gee EEN voorbeeld van emotiewe taal uit die lys hier bo. (1)

2.7 Verduidelik *groot motoriese vaardighede*. (2)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Daar is sewe kritieke kruisvelduitkomse (KKVU'e) soos deur SAKO (Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid) gedefinieer. Lees die scenario's hier onder en noem die KKVU waarmee elke scenario verband hou.

3.1.1 Susan, Helen, Nandipha en Siphokazi het die afgelope jaar saam netbal vir die kollege se eerste span gespeel.

3.1.2 Engels, as 'n leerarea, is met al die ander leerareas geïntegreer om een kurrikulum by die Steenkamp TBOO-kollege/TVET uit te maak.

3.1.3 Mev. Ndzala gebruik legkaarte in haar Graad R-klaskamer om haar leerders probleemoplossing en kritiese denkvaardighede te leer.

3.1.4 Voordat hy inligting by sy navorsing ingesluit het, moes hy eers kies watter inhoud paslik vir die navorsingsonderwerp was.

3.1.5 Mnr. Kearney motiveer sy studente om mondelinge aanbiedings te doen, en leer hulle sodoende om doeltreffend te kommunikeer.

(5 × 2) (10)

3.2 Bestudeer die volgende prente wat Erik Erikson se AGT stadiums van psigo-emosionele ontwikkeling uitbeeld. Identifiseer die spesifieke stadium wat met elke ouderdomsgroep verband hou, soos in elke prent hier onder geïllustreer. Skryf slegs die antwoord langs die korrekte nommer (3.2.1–3.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.2.1 Bejaarde vrou wat oor haar lewe nadink



[www.google.com]

3.2.2 Laerskoolkind wat sy vermoëns met sy maats s'n vergelyk



[www.essence.com]

3.2.3 Babas se vertroetelende omgewing leer hulle vertroue



[www.google.co]

3.2.4 Adolessent wat trou aan 'n sosiale groep uitdruk



[www.google.com]

3.2.5 Volwassenes werk aan hul loopbane terwyl hul invloed tuis afneem



[www.google.com]

3.2.6 Kleuter wat haar laat geld



[www.google.com]

3.2.7 Voorskoolse kind toon inisiatief deur volwasse tonele uit te beeld



[www.dreamstime.com]

3.2.8 Jong volwassenes wat 'n verbintenis vorm



[www.featurepics.com]

(8 × 1) (8)

3.3 Dit is baie belangrik om jou argument te struktureer sodat dit logies vloei van een punt na die volgende. Aktiwiteite wat gedurende vakansies aangebied word, kan vir kinders voordelig of nadelig wees. Bespreek die volgende onderwerp: 'Georganiseerde gemeenskaps-/kerkvakansie-aktiwiteite is goed vir kinders', deur die volgende opskrifte te gebruik:

3.3.1 Inleiding (2)

3.3.2 Stel die sleutelvraag wat gevra word (2)

3.3.3 Bied jou redenasie aan (4)

3.3.4 Gevolgtrekking (2)

3.3.5 Aanbevelings (2)

3.4 Lawrence Kohlberg het die Teorie van Morele Ontwikkeling ontwikkel. Hy was van mening dat mense hul moraliteit in stadiums ontwikkel wat deur drie vlakke gaan. Die eerste vlak is die voor- of prekonvensionele morele redenasiestadium, waartydens kinders weet dat hulle vir sekere gedrag gestraf en vir ander beloon word. Die tweede vlak is die konvensionele morele redenasiestadium en die derde is die postkonvensionele redenasiestadium.

3.4.1 Definieer die term *moraliteit* soos in die scenario hier bo genoem. (1)

3.4.2 Verduidelik kortliks die konvensionele morele redeneringstadium. (2)

3.4.3 Verduidelik kortliks die postkonvensionele morele redenering-stadium. (2)

3.4.4 Gee DRIE voorbeelde van jou eie van gedrag wat kinders kan toon om 'n beloning van 'n volwassene te kry gedurende die prekonvensionele morele redeneringstadium. (3)

3.5 Die sentrale senuweestelsel beheer beweging in die menslike liggaam.

Noem TWEE voorbeelde van willekeurige bewegings wat deur die sentrale senuweestelsel beheer word. (2)

[40]

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

4.1 Mev. Jones is 'n Graad 8-onderwyseres. Dit is haar eerste jaar van onderwys gee en dus besef sy nie ten volle dat behoorlike assessering 'n belangrike deel van onderrig en leer uitmaak nie.

In die eindeksamen laat sy die leerders toe om hul selfone as sakrekenaars te gebruik. Toe haar selfoon lui, laat sy die leerders sonder toesig in die eksamenvertrek om die oproep te beantwoord. Wanneer mev. Jones verveeld is, sit sy agter haar lessenaar en speel speletjies op haar skootrekenaar. Sy besef nie dat die plakkate teen die mure die leerders met die antwoorde kan help nie.

4.1 Gebaseer op die scenario hier bo, identifiseer VYF swakhede in mev. Jones se gedrag terwyl sy die leerders assesseer. (5)

4.2 Watter soort assessering word in die scenario hier bo genoem. Staaf jou antwoord. (2)

4.3 Noem VYF verskillende soorte assesserings. (5)

4.4 Gee DRIE doelwitte van assessering volgens die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring. (3)

4.5 Noem VYF redes waarom die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel transformasie nodig gehad het. (5 × 2) (10)

4.6 Noem VYF eienskappe wat 'n leerder behoort te verkry het by voltooiing van sy/haar skoolloopbaan om die werêld van werk te betree. (5)

4.7 Voltooi die volgende tabel wat die opvoedkundige aspekte van die onderskeie onderrigmetodes vergelyk. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (4.7.1–4.7.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

ONDERRIGASPEK:	TRADISIONELE ONDERRIGMETODE	UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS
Onderwyser-leerderverhouding	4.7.1	Die leerder is die middelpunt van die onderwysproses.
Paslikheid van kennis en vaardighede opgedoen	Leerders word geleer om soos papegaaie te leer en woord-vir-woord te herhaal wat die onderwyser sê.	4.7.2
Bemagtiging van leerders	Leerders hoef nie met begrip te leer nie; hulle studeer slegs om die graad deur te kom.	4.7.3
Metodes van assessering	4.7.4	Leerders word op 'n deurlopende grondslag regdeur die jaar geassesseer om hulle meer geleenthede te gee om suksesvol te wees, en die uitkoms laat hulle na die volgende graad vorder.
Maniere waarop leerders vir assesserings voorberei word	Leerders ontvang nie duidelik gedefinieerde uitkomste nie, en weet dus nie wat hulle in assesserings moet demonstreer nie, met minder geleenthede om sukses te behaal.	4.7.5

(5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 5

5.1 Wat is die hooffunksie van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)* volgens die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO)? (3)

5.2 Gee EEN voorbeeld van 'n kwalifikasie wat 'n student op die volgende NKR-vlakke kan verwerf:

5.2.1 4

5.2.2 1

(2 × 1) (2)

5.3 Hoe baat werkgewers by die NKR? (2)

5.4 Definieer elk van die volgende tipes leerwerk:

5.4.1 Kern

5.4.2 Grondslag

5.4.3 Elektief

(3 × 2) (6)

5.5 Teken 'n gedagtekaart wat die vakke vir 'n Vlak 4-Onderwys-en-Ontwikkelingskwalifikasie illustreer. (10)

5.6 Noem DRIE doelstellings van SAKO. (3 × 2) (6)

5.7 Definieer *kritiese denke.* (3)

5.8 Noem AGT kritiese denkvaardighede. (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou